

Sondag 12 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 26

Fokusgedeelte: Psalm 26:6

As die Here jou onskuldig verklaar, dan is jy onskuldig

Dawid is dikwels vals beskuldig. Ons weet hoe Saul altyd agterdogtig was op die jongman wat God as sy opvolger aangewys het.

Ook ons beleef dikwels die pyn van beskuldigings sonder dat dit op die waarheid gegrond is. In sulke tye wil mens graag opspring en die saak regstel en luidkeels die waarheid uitroep. Tog weet ons dat dit dikwels juis die verkeerde uitwerking sal hê as ons onself te veel begin verdedig. Daar is tye wanneer mens mos net moet stilbly en glo dat die waarheid uiteindelik self sal seëvier.

Dawid neem nie wraak of probeer homself verdedig of verantwoord teenoor sy vyande nie. Hy weet wat die waarheid is. Hy weet dat God weet wat die waarheid is.

En by die Here is daar genade. Daarom, net vir ingeval hy wel êrens onbewustelik iemand te na gekom of leed aangedoen het, en so teenoor God gesondig het, gaan hy liever na die altaar toe (vs 6). By die altaar is daar vergewing en versoening met God en mense.

Christus het op die altaar van die kruis betaal as die Lam van God wat vir mense se sondes geslag en geoffer is. Hy het ons sondes op Hom geneem. Deur die bloed van Christus word ons sondes bedek en mag ons voor God kom staan asof ons geen sonde gedoen of gehad het nie!

Dawid is dus nie arrogant as hy beweer dat hy onskuldig is nie. Hy weet dat hy 'n sondaar is (Ps. 51), maar hy weet dat die Here haastig is om sy kind se sondes te vergewe en heeltemal te bedek. Hy doen dit elke dag, omdat Jesus Christus daarvoor duur betaal het.

So kry Dawid en ook ons dit reg om nie heeldag met skuldgevoelens rond te loop nie. Iemand met skuldgevoelens word maklik geboelie en gemanipuleer. Nee, ons is lankal deur God vergewe en dus kan ons vyande en ook die duiwel nie laste van skuld op ons lê nie. So kom my gewete vry en so leef ek in vrede met God en my naaste.

Sing: Psalm 51-1:4

Ds. M van Helden (Maarten) (Centurion)